

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 2:13-17, 22-26; 1 SAMUEL 3:11-14

FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 3:13-14

Hofni en Pinehas – sonde is nie goedkoop nie

Die HERE het verwag dat die priesters heilig moet wees. Hulle moes net aan die HERE gewy wees en mag nie sy Naam ontheilig nie (Num. 21:6). In Numeri 21:7 lees ons dat 'n priester onder andere nie mag trou met 'n meisie wat nie 'n maagd is nie en ook nie met 'n geskeide vrou nie, want hy is aan God gewy.

Hierdie baie streng vereistes was op Eli se seuns, Hofni (padda) en Pinehas (neger), van toepassing. Die twee priesters het hoegenaamd nie aan die streng vereistes voldoen nie. Hulle optrede was 'n skandelige ontheiliging van die offerande aan die HERE en so gaan daar 'n skandelige invloed uit op die hele volk. Deur hulle optrede het hulle die oorsaak van struikeling vir die hele volk geword.

Uit die ligte vermaning wat Eli wel aan sy seuns gerig het (vs 25), het hy beslis geweet dat die seuns teen die HERE sondig. Hulle het met hulle optrede die Naam van die HERE ontheilig. Daarom kom die streng oordeel wat aan Samuel geopenbaar word: "... die ongeregtigheid van Eli se familie sal sekerlik nooit deur diereoffer of graanoffer versoen word nie." Hulle het hulle aan die HERE se offers vergryp, daarom sal alle pogings om deur offers versoening te verkry, vergeefs wees.

Verskriklik dat die offers wat moes heenwys na die ware offer wat Jesus Christus sou bring, ontheilig is. Het ons hier te doen met die sonde teen die Heilige Gees? Volgens Hebreërs 10:26 is dit wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, dan is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. Die oordeel oor Hofni en Pinehas kom die HERE toe.

Laat ons egter besef dat ons so moet lewe dat ons nie die Naam van die HERE oneer moet aandoen nie, veral in ons kerklike lewe. Ons moet elke dag bid: Laat u Naam geheilig word. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op ons ampswerk as predikant, ouderling, diaken, maar ook in die amp van gelowige as profeet, priester en koning.

Sing: Psalm 97:6, 7 (1936)

Ds. PA (Peet) Coetzee (Potchefstroom)